# Loergaatjie op ons Lewens

Hindenburgstr. 36, 70825 Korntal, Duitsland – Tel +49 711 839651602 - Email:mengessandra@gmail.com

16 Julie 2013

Liefste Julle!

Ek sit hier tussen die bokse. Op die sitkamertafel lê stapels van boeke en dinge wat ek óf moet terugneem na hul eienaars, óf wil weggee aan mense wat dit kan gebruik. Dit is uitsorteer- en opruim- en inpaktyd in ons huishouding. Vandag oor 11 dae staan ons trekvragmotor voor die deur. Ons is emosioneel en fisies moeg, maar dit is op sy manier 'n baie goeie tyd vir ons.

Daar is iets lekkers aan uitsorteer, minder maak, weggee en weggooi. Daar is iets kosbaars aan 'n nuwe begin met nuwe kanse en nuwe moontlikhede. Interessant: terwyl ons ons fisiese wêreld uitsorteer, gebeur ook iets in ons binnekante. Ook daar sorteer ons uit, besluit wat van al die vreugde en pyn van die laaste paar jare ons wil saamneem en watter ons wil aflê, vergewe, regstel.. en watter nuwe dinge ons wil verander in ons lewenstyl en ons manier van doen. Vir ons was dit van die begin belangrik dat die trek vir ons kinders 'n oefensessie word vir die dag wanneer hulle self alleen verder trek. Ons betrek hulle by elke aspek – inpak, adresveranderinge, afskeidspartytjies beplan, nuwe kamers beplan, uitsorteer wat sal inpas en wat nie, skoonmaak… Verlede naweek het ons 5 binne 16 werksure ons hele woonstel saam uitgeverf. Elke kind moes aan elke aspek van die proses saamwerk. Aan die einde was Ilana se kommentaar: 'DIT was nou lekker. DIT noem ek familie-wees.'

Ook by ander aspekte betrek ons die kinders. Liesl se maatjie en ek het al 'n paar haakplekke beleef. Sy is 'n begaafde kreatiewe vrydenkertjie. 'n Pragtige mens. Ek is 'n Mamma wat absolute gehoorsaamheid verwag. Soms het ons gebots. Gister het ek en Liesl die maatjie na 'n roomyswinkel geneem. Onder die groot eikeboom in ons pragtige ou dorpie met die mooi-mooi geboue het ons eers lekker gesmul, toe oor ons verhouding gepraat en mekaar vergewe waar dit seergemaak het. Liesl was saam, Annelie en Ilana het by die huis gebly en gebid vir die stukkie opruim en uitsorteer wat moes gebeur. Kosbaar – sulke spanwerk!

Nog iets spesiaals gebeur wanneer mens trek. Mense spreek waardering uit. Die dinge wat mense dink en nooit sê nie. Die dinge wat eintlik net by 'n oop graf uitkom. En so hoor ons in die afgelope weke weer en weer mooi dinge wat ons dankbaar maak vir dit waarvoor God ons hier gebruik het. Graag vertel ek vir julle stukkies daarvan omdat julle deel was van dit wat hier gebeur het. Dit is my dankie aan julle. Self bind ek die komplimente saam in 'n kompliment-ruiker en gee dit terug aan God – want sonder Hom kan ons NIKS doen nie.

Vyf jaar gelede vergesel ek die Musical-groep van ons Musiekskool na 'n oefenkamp. Ek het my dienste aangebied in die hoop dat ek as mens 'n verskil in die lewens van die kunstenaarwêreld kan maak. Ek en die direkteur begin gesels. Hy verduidelik vir my dat die musiekskool se fooie deels so hoog is omdat hulle die mens-tipe waarmee hulle te doene kry, daardeur sif. 'Net die beste in die samelewing kan dit bekostig. Dan het ons minder probleemkinders,' verduidelik hy trots. Ons kinders is baie betrokke by die musiekskool. Hy was deeglik daarvan bewus dat ons nie in die inkomstegroep val wat dit kan bekostig nie. Ons het egter mense onder ons ondersteuners gevind wat bereid was om jaar in en jaar

uit dit vir ons kinders moontlik te maak om klavier-, dwarsfluit en musical lesse te kon neem. Net die kinderkoor was verniet. Sy opmerking het my geskok, gepla en ek het na baie dink met hom daaroor begin korrespondeer. Oor die jare het ons kinders regtig gebaat by die musiekskool. Ek het ook seker gemaak dat ek deurentyd betrokke bly en het op die ou einde die hele Kostuumafdeling vir die musicals op my skouers gehad. Januarie dié jaar kom die einste direkteur terug na my en Tobias. Die musiekskool besef dat daar baie kinders is wat die musiekskool nie kan bekostig nie, maar regtig begaafd is en 'n hoë morele standaard het. 'Ons het sulke kinders nodig in ons geledere.' Hulle het besluit hulle wil meer kinders soos ons s'n in die musiekskool hê en wil begin met 'n program waardeur kinders gehelp word om dit te kan doen, al kan hulle dit nie bekostig nie. Kan ons hulle help om riglyne saam te stel oor hoe sulke kinders gekeur kan word? En van September dié jaar kan kinders regtig instrumente leer speel al is hulle nie deel van die top van die samelewing nie!!! Vir my 'n hoera-belewenis.

Onlangs het ons 'n ou buurman ontmoet. Hulle het so twee jaar gelede getrek, geskei en probeer dag vir dag oorleef. Nadat ons sy hartseer storie gehoor het, het ons vir hom gebid. 'n Paar uur later bel hy. Hy was total oorweldig. Hy het nog nooit met mense gebid nie en dit het hom diep geraak. Hy wou meer oor God praat en het met Tobias sedertdien twee keer afsprake gehad om daaroor te praat. Hy is nog nie bereid om Jesus regtig te vertrou nie, maar God is besig met hom. Bid asb vir Oliver. Hy het dit so nodig! Die feit dat ons trek, bring by die man 'n dringendheid om nou soveel tyd moontlik met Tobias deur te bring voor ons weg is.

Ons kry ook baie terugvoer van individue wat deur ons hier-wees geraak is. En ons loof die Here daarvoor. Verlede week het ek vir die eerste keer met 'n vriendin gebid wat tot nou toe geestelike aspekte in ons gesprekke probeer vermy het. Sy was so dankbaar! Ek was so opgewonde.

Tobias se werk vereis nog al sy aandag. Daar is regtig niemand wat bereid is om sy werk oor te neem nie, so nou is sy werk in stukkies opgebreek en word dit oor baie skouers verdeel. Dit laat 'n gevoel van dringendheid by hom om nog soveel moontlik te verrig voor hy gaan. Ek is baie seker dat God ook die situasie onder beheer het.

Vir ons kinders is die skooljaar amper verby. Hulle het nog 'n week oor. Hulle skoolboeke is al teruggeneem en nou is daar net speel en sports op die skoolprogram. So gaan hulle kano ry, zipline, kamp, sportkompetisies en nog meer. Hulle het uitsonderlike goeie punte die jaar waarvoor ons regtig dankbaar is.

En so stadig tree ons oor na 'n nuwe lewe. Ilana was 'n paar naweke terug uitgenooi om saam te gaan kamp met ons nuwe kerk. Sy het voor die kamp nie een van die kinders of volwassenes geken nie, maar het teruggekom met 'n tevredenheid en 'n paar adresse van moontlike nuwe maatjies. Laas naweek, so tussen die verfwerk deur, is ons kinders uitgenooi na 'n verwelkomingspartytjie waar hulle almal nuwe kinders kon leer ken. Ek het reeds 'n Bybelstudiegroep in Korntal wat ek sal lei. Een keer het ek soontoe gegaan om die nuwe vrouens te leer ken. Daar was 17 baie liewe vrouens wat my met ope arms verwelkom het. So die deure staan oop.

En so ervaar ons hoe God in ons behoeftes voorsien. Ook vir die dinge wat ons nodig het rondom die trek: ekstra geld vir daai ekstra uitgawes, 'n trekvragmotor van 'n vriend met 'n vragmotoronderneming, 'n middagete-uitnodiging hier en daar vir ons trek-week en baie ander praktiese hande wat bereid is om ons te help trek, skoonmaak, en nog meer. Ons is so dankbaar!

Onlangs het 'n vers my aangespreek en 'n tipe leuse oor die nuwe fase in ons lewens geword: Ps 52:10

'Ek is soos 'n olyfboom wat geil groei in die huis van God.
Ek vertrou op God se goedheid so lank as wat ek lewe.'

Dit is my begeerte vir die Korntal-episode van my lewe. 'n Olyfboom produseer suurstof, kos, hout om mee te bou en hout vir warmte. 'n Olyfboom voorsien skadu waarin mens kan rus en 'n olyfboom is mooi om na te kyk op sy eie unieke manier. Dit is immergroen en is onvernietigbaar (ook as mens hom afkap of verbrand, spruit altyd weer 'n nuwe spruit uit.). Die olywe self verskaf kos, en uit die olie word produkte gemaak wat lampe helder laat skyn, en wat gesond maak. Ook godsdienaars word met olyfolie gesalf. Olyfbome groei in enige omstandighede – in heuwels en valleie, op klipperige of vrugbare grond. Hitte en waterskaarste beïnvloed hulle nie. Hulle het selfs Noag se vloed oorleef. Olywe verskaf ook uitvoerprodukte aan die eienaars. In die Bybel staan olyfbome vir standvastigheid en getrouheid. Ek wil so 'n olyfboom in God se sending-opleidingshuis wees. Ek weet net Sy goedheid sal my in staat stel – ek vertrou daarop!

Bid asb vir ons trek: vir die inpak en uitpak, die regte-plek-vir-alles kry aksies. Bid vir beskerming – dat niemand 'n rug sal seermaak nie en dat ons vragmotor veilig in Korntal sal aankom. Bid vir Augustus – ons genademaand waarin ons sal uitpak en aankom en ontdek sodat ons in September met skool en werk kan begin. Bid vir ons nuwe verhoudinge en ons ou vriendskappe. Bid dat God ons moeg-lywe en –emosies weer sal hernu sodat ons met nuwe krag en vreugde kan begin. En dat Hy vir ons 'n plekkie sal voorberei in die skole en die kerk en die lewe in Korntal. En bid vir wysheid oor waar ons betrokke behoort te raak en waar nie. Ons is 'allrounders' en soms is dit moeilik om te onderskei tussen ons rol en iets wat ons kan doen, maar wat nie ons verantwoordelikheid is nie. En bid dat ons wysheid sal hê oor hoe ons ons geld gebruik. Watter trek-uitgawes is goed en reg en watter onnodig? En dan daarna – elke nuwe fase het n nuwe 'budget' nodig….

Liewe Ondersteuners, 282 maande lank dra en ondersteun julle ons. 282 maande lank het julle geld, julle gebede en julle liefde ons gedra deur moeilike en feestelike tye. Julle het die dieptes saam beleef en julle het die hoera's saam beleef. DANKIE! In die nuwe fase sal julle betrokkenheid by ons net so kosbaar en spesiaal wees. Saam stap ons in 'n nuwe fase in. Ek is voel moed, want ons het julle. Saam sal ons die hoogtes en die laagtes beleef. Dankie ook daarvoor! Ingelsuit is 'n brief van Tobias Schulz, ons direkteur van OM Duitsland, gerig aan my gemeente in SA – en aan die res van my ondersteuners.

Ons is so dankbaar vir julle!

Tobias en Sandra Menges met Annelie, Ilana en Liesl